

## MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING

### NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP 18 DESEMBER 2018 OM 10:00 IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL

#### 1. OPENING EN VERWELKOMING

##### 1.1 Gebed

Die vergadering word geopen met gebed deur Rdl Annatjie J v Rensburg.

##### 1.2 Verwelkoming en verskonings

Die Voorsitter verwelkom almal teenwoordig met 'n spesiale woord van verwelkoming aan die Munisipale Bestuurder Adv Thys Gillomee, Direkteur: Gemeenskapsontwikkeling Elize Nel asook Raadslede Anton Dellelijn en Annatjie Janse van Rensburg.

Die vergadering is deur 57 eiendom eienaars bygewoon.

##### 1.3 Voorstelling van Komiteelede

Die Uitvoerende Komitee word aan die vergadering voorgestel.

#### 2. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN DIE VERGADERING GEHOU OP 18 DESEMBER 2017

Die notule van die vorige vergadering word aan die vergadering voorgelees. Voorgestel en gesekondeer deur mnre Deon Potgieter en Kruger de Wet.

#### 3. VOORSITTERSVERSLAE 2018

##### 3.1 Belastingbetalersvereniging

Die Voorsitter lees die voorsittersverslag aan die vergadering voor. Bylae A.

##### 3.2 Finansiële verslag

Die Voorsitter lees die finansiële verslag aan die vergadering voor. Bylae B.

Inwoners word bedank vir hulle vrywillige donasies en daar word beklemtoon dat die Vereniging staatmaak op donasies.

##### 3.3 Goedkeuring van verslae

Die vergadering keur die voorsitters- en finansiële verslae goed.

Voorgestel en gesekondeer deur Nico Barnard en Annatjie Janse van Rensburg.

#### **4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**

##### **4.1 Uitbreiding van Midbrak – Rheeboek Village**

'n Pretstap vind plaas op 21 Desember en lede word uitgenooi om dit by te woon.

##### **4.2 SMS nommer vir die Munisipaliteit**

Inwoners word aangemoedig om van die SMS nommer **44802** gebruik te maak om enige probleme in die area aan te meld.

#### **5. SAKE VIR BESPREKING**

##### **5.1 Agenteborde – Publieke deelname 2019**

Klagtes word ontvang oor nie-nakoming van reëls deur agente. Slegs twee borde per eiendom word toegelaat.

#### **6. AANVULLENDE SAKELYS**

##### **6.1 Kragonderbrekings**

Mnr Deon Potgieter meld dat beurtkrag en onnodige krag onderbrekings problematies is. Die Voorsitter onderneem om 'n verslag van die Munisipaliteit te kry en dit aan hom te stuur.

Die vergadering neem kennis dat 'n gedeelte van Mosselbaai en gebiede nie tydens beurtkrag afgeskakel kan word as gevolg van toevoer na PetroSA wat 'n nasionale sleutelpunt is.

Raadslid Anton Dellelijn lig die vergadering in dat 'n werknemer binne 10 minute op die perseel is in geval van kragonderbrekings en dat daar voortdurend na infrastruktuur opgraderings gekyk word.

##### **6.2 Drom in pad langs Gemeenskapsaal**

In antwoord op mnr Sias Meyer se vraag oor aktiwiteite in die straat, word kennis geneem dat die drom daar geplaas was as gevolg van 'n gat wat in die pad geval het wat herstel moes word.

##### **6.3 Doel van Mollak houer langs Gemeenskapsaal**

Direkteur Elize Nel verduidelik dat die houer vir vullissakke is, kat en honde vriendelik is en dat dit gereeld skoongemaak word.

##### **6.4 Kennis van algemene jaarvergadering / swak bywoning**

Me L Coetzee vra dat die Munisipaliteit versoek word om in die November munisipale nuusbrief inwoners in kennis te stel van die Vereniging se vergadering in Desember omdat baie inwoners vakansiehuise in die Midbrakgebied het.

## **6.5 Powertown**

Die vergadering neem kennis van 'n inwoner van Kleinbrak se klagtes oor Powertown en ook die aanwas van strukture.

Direkteur Elize Nel lig die vergadering in oor stappe wat geneem word asook nuwe wetgewing wat gevolg moet word indien 'n uitsettingsbevel bedien word.

Voortaan moet die uitsettingsbevel direk op 'n individu bedien word.

'n Versoek word gerig dat vullisverwydering by Powertown gedurende Desember meer gereeld plaasvind.

## **6.6 Tuine van vakansie wonings**

Die Voorsitter versoek inwoners om erf nommers aan komitee lede deur te gee van erwe wat nie skoongemaak word nie waarna dit aan die Munisipaliteit verskaf sal word.

Die Munisipaliteit gee inwoners 21 dae kennis om te reageer. Indien geen terugvoer ontvang word nie, kry die Munisipaliteit kwotasies vir skoonmaak waarna die rekening aan die betrokke erf eienaar oorhandig word.

## **6.7 Erf 928**

Die vergadering neem kennis dat die erf aan die Staat behoort en dat daar geen serwituut bestaan nie.

Skrywes vir skoonmaak van die erf is aan die Provinsiale Owerheid gestuur, sonder enige sukses. Indien die Munisipaliteit die erf skoonmaak sal belastingbetalers daarvoor moet betaal en sal die geld nie sommer verhaal kan word nie.

'n Brandpad sal egter vroeg in 2019 gestoot word.

## **7. ALGEMEEN**

### **7.1 Bankbesonderhede**

Nedbank spaarrekening  
Tak nommer: 198765  
Rekening nommer: 2506020276  
Verwysing: Naam en kontak nommer

## 8. VERKIESING VAN KOMITEELEDE VIR 2019

Die voorstel dat bestaande lede heraangestel word, word eenparig aanvaar. Komiteelede is die volgende:

Tergniet	
Tergniethoogte	Mike Wray en George Nezar
Reebok	Cecil Barry
Reebokhoogte	Jacques Radley
Reebokrif	Buks Pieterse en Flippie Bezuidenhout
Fraaiuitsig	Frik Nel en Charl Coetzer
Klein-Brakrivier	Pieter le Roux en Robbie Landers
Riverside	
Reebok Village Estate	Andre Smit

6 Vakante poste bestaan en die Voorsitter versoek inwoners om voorstelle vir aanstellings by hom in te dien.

## 9. AFSLUITING

Mnr Kruger de Wet bedank die Komitee vir die goeie werk gedurende die afgelope jaar en wens hulle sterkte toe vir 2019. Spesiale dank ook aan alle munisipale amptenare wat die Vereniging bystaan.

Die vergadering verdaag om 11h30

DOROTHY BARNARD  
**NOTULEERDER**

GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING GEHOU OP 17e DESEMBER 2019

GEORGE NEZAR  
**VOORSITTER**

